

# WAENHUISMUSEUM DIE DEURE IS OOP!

Die Waenhuismuseum, die vierde satelliet van die Nasionale Museum, het op 21 Desember 1984 sy deure vir besoekers oopgegooi. Die Waenhuismuseum is direk agter die historiese Eerste Raadsaal in St. Georgestraat, Bloemfontein. Ingang tot die Museum word deur die Eerste Raadsaal verkry.

'n Verewa, bokwa, muilwa, spaider (wat behoort het aan die bekende historiese figuur Vader Kestell), kapkar en poskoets het hier hul laaste rusplek gevind. 'n Lykswa en kinderlykswaentjie is ook te sien. Die uitstalokaal word versier deur verskeie panele wat onder meer die ontwikkeling van waens en rytuie en die maak van 'n wawiel uitbeeld. 'n Diorama bied aan die besoeker 'n toneel van beurende osse voor 'n kakebeenwa iewers in die berge.

Veel meer is te sien, maar u word vriendelik uitgenooi om self te kom kyk en u kennis van vergange dae te verbreed.



Besoektye:

Weekdae en Saterdag

08h30 - 17h00

Sondag

14h00 - 17h00



*Audrey van Eeden (kunsenaars) en Hannes Haasbroek (historikus) bespreek die diorama wat in die Waenhuismuseum aangebring is.*



*Waens en rytuie op uitstalling in die Waenhuismuseum. Links voor is die spaider wat aan Vader Kestell behoort het.*